6

Ek is ek en trots daarop

Vriende

Toe ek vandag skool toe gaan
Sê Juffrou Silva, “Dis May.”
Hierdie meisietjie kan nie sien nie.
Ek kyk na haar, sy loop by my verby!

Ek vertel vir my ma aan die einde van die dag.
Sy sê: “Nooi haar huis toe om te kom speel!”

Pouse speel ‘n seun stilletjies.
Hy sit onder ‘n boom alleen.
Hy sien my, dan kom hy nader
Ek sê: “Hallo,” hy hoor nie.

Ek vertel my pa. Hy sê: ”Dis goed,
jy kan waai en glimlag en so groet!”




By die winkel staan en staar ek.
Die baba laat my skrik!
Ek dink die baba lyk so eienaardig.
Maar Ouma sê: "Sy is 'n geskenk van God."
Ek hou Ouma se hand vas toe ons huis toe loop:
Sy verduidelik van Downsindroom.
SHOP

My beste vriend Jason sit in 'n stoel.
En soms stop mense en staar.

Sy bene werk nie, hy kan nie loop nie,
En hy kan sien hoe mense hom aangaap!

Jason sê hy gee nie om nie
Hy is lief vir sy super vinnige rystoel!

Ons is almal anders op een of ander manier,
maar ons kan steeds vriende wees, en speel.

Dit maak nie saak hoe ons gemaak is nie,
Ons behoort almal aan die Trots-op-myself-optog.
So, dit maak nie saak hoe jy lyk nie,
Kom net en teken ons vriendskapboek!

